

Verandering

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: Eng./Afr. B125a

Skriflesing uit Heb.12:1-17

Kernvers: 10 – ‘Want hulle het ons wel ‘n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons Sy heiligheid kan deelagtig word.’

Verandering in ‘n mens se lewe gaan gepaard met kastyding. Mat.18:3 – ‘en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!’

Dit is baiekeer temidde van beproewinge wat ‘n mens sag en buigbaar word sodat God ons kan verander.

Die vyand gebruik egter die Skrif en verdraai dit vir sy eie duistere werk. Daarom het hierdie woord in die wêreld ook ‘n verkeerde betekenis gekry : Daar word geroep! Verander! Change! Maar dit is nie die verandering wat hier tersprake is nie!

Die Bybelse gedagte vir verandering is die verandering na die Beeld van Christus. Stel uself voor in u ouderdom, want ons word almal oud. Gaan u ‘n onveranderde oumens wees? Met ‘n klipharde en onversetlike hart? Gaan u iemand wees wat net altyd reg is, net u wil wat altyd tel? Dan sal u in u outyd alleen sit want niemand sal graag by u wil wees of u geselskap wil opsoek nie. Niemand sal u raad kom vra nie.

Mag die Here ons harte ondersoek - hoeveel ruimte is daar in ons vir verandering? ‘n Veranderde lewe volgens die patroon van God is die grootste gawe wat die Here aan ‘n mens kan gee. So ‘n mens is die mooiste en die maklikste mens om mee klaar te kom. So ‘n mens se geselskap sal altyd opgesoek word, want hy sou die Gees van God in sy lewe ontvang het. Hy sou homself aan God oorgegee het om hom te verander...

Maar nou, vir hierdie verandering is daar drie elemente waaraan ek myself moet onderwerp nl: Dissipline, korreksie en kastyding – ek moet gewillig wees dat God hierdie drie in my lewe sal bring wanneer ek waarlik myself oorgee het en sê: ‘Here, verander my’.